2026 21 - 28 JUNIE

# Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



In ons lewe is ons so besig en dit voel soms so chaoties, dat mens nie grond vat nie. Baie keer stres mens so oor 'n sekere situasie of besluit of hoe die toekoms gaan uitdraai, dat mens angstig word of nie weet hoe dit homself gaan oplos nie. Maar dit is juis dan wanneer ons na God toe moet gaan. 1 Konings 19 leer ons dat God in die stilte en rustigheid is. Hy is die een wie ons rustig maak, by wie ons rus kan kry. Hy is die een wat vir ons sê, "Moenie worry nie. Ek het hierdie."

*1 Konings 19:11b -13a   Daar was 'n geweldige sterk wind wat die berge geskeur het, wat die rotse verbrysel het voor die Here; in die wind was die Here nie. Ná die wind was daar 'n aardbewing; in die aardbewing was die Here nie. Ná die aardbewing was daar vuur; in die vuur was die Here nie. Ná die vuur was daar 'n sagte gesuis. Toe Elia dit hoor, het hy dadelik sy gesig met sy mantel bedek.*

## Gebedstema vir die week

Here Heilige Vader, Dankie vir die rykdom van vrygewigheid wat alledaagse seëninge bring. Help my om soos my naastes oorvloedig uit te deel van wat ek het.



## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 21 Junie Vadersdag**
09:00 Erediens (Nagmaal)
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 "Oppidek" Doughnuts with dads

**SKOOLVAKANSIE**

**Sondag 28 Junie**
09:00 Erediens

**Sondag 5 Julie**
09:00 Erediens

**Sondag 12 Julie**
09:00 Erediens

**Sondag 19 Julie**
09:00 Erediens




Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**



Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

## Eldo-Chomps







Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

## Diens@6








**ADORAMUSDIENS**
**Kom deel in die Adoramusdiens elke Dinsdagaand om 18:30.**
**Beleef die stilte.**










Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.


## Kantoor Kaskenades

**Wat noem jy 'n boomerang wat nie terugkom nie?**
**...... 'n stok**

## Bybel 101!

**Het jy geweet...**

Die Bybel is al in 3524 tale vertaal.



Is jy deel van 'n Omgeegroep? **Sluit aan!** en word vandag nog deel!

## Terugvoer

7 Junie was n heerlike Jeugdagdiens waar ons as groot Eldofamilie diens gehou het.

Diens@6 het die welkom, die koffiekafee, die Skriflesing, die offergawes opneem, die klankkas en die band oorgeneem.

Dankie Eldofamilie - dit was lekker!!

Hiermaak**ALMAL**saak









Ds Fanie, ons sal jou "mielie-pap" preek nooit vergeet nie!

Wil jy graag deur een van die predikante besoek word? **Klik hier!** Vir die huisbesoek-versoekvorm

# "Save the date"

| Gemeente Wegbreek<br>14 - 16 Augustus | 29 - 31 Oktober<br>Miernesmark | 4 - 6 Desember<br>Belydeniskamp |
|---|---|---|














# Lewensverryking Seminare




Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by: 083 251 6725 / 087 095 0512





Die miere is al hard aan die werk om alles gereed te kry vir die MIERNES KERSMARK........
Hou asseblief hierdie spasie dop!!

**Wil jy meer inskakel?**

*Raak Betrokke!*

**by ons Familie!**

# Overcomers

Benodig hulp met

## Skoolskoene

Die winter is hier maar ons het nie die volgende groottes skoolskoene om klein voetjies warm te maak nie:

Ons kort 1 paar van elk:
no 3, no 5 en no 6

seuns **swart** skoolskoene

Baie dankie vir die bydraes van skoene wat ons ontvang het.
Ons benodig nog nommers 3 en 4 - een paar van elk.






**Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons**

*Dankie!*

**Hiér maak JY saak!**

# Verjaarsdae vir die week

**Baie geluk!**

Marius Bezuidenhout 22/06
Ethan van Zyl 22/06
Douglas Kuhn 23/06
Alida Nel 23/06
Carl Gropp 24/06
Christo Hugo 24/06
Lisa van Reeuwyk 24/06
Leon Rapp 25/06
Ora Truter 25/06
Jan Bisschoff 26/06
Michael Engelbrecht 26/06
Marina Fairbanks 26/06
Mizaan Minnaar 26/06
Linelle Rigsby 26/06

Nico du Plessis 27/06
Michael Griesel 27/06
Albert Snyman 27/06
Reggie v/d Merwe 27/06
Maryna Kleynhans 28/06
André Nagel 28/06
Tina Potgieter 28/06
Sunet v/d Merwe 28/06
Ria van Dyk 28/06





Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!

# Nuwe Intrekkers

Welkom!

Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

# Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente? Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.



**Het jy enige nood?** Laat weet ons **vir 'n gebedsversoek!**

## Hoekom "Hiér maak JY saak!"?

Die Gemeenteraad (GR) het laas jaar saam besluit om die kerk se slagspreuk te verander van "Familie met 'n Missie" na "Hiér maak JY saak!" Die rede vir ons besluit is tweeledig:


Eerstens, vat ons leiding van Paulus in 1 Korintiërs 12:27 waar hy sê dat Christus die hoof van die kerk is; die kerk is die liggaam van Christus: *Want soos die liggaam 'n eenheid is, maar uit baie ledemate bestaan, en al die ledemate van die liggaam, alhoewel hulle baie is, een liggaam vorm, so is dit ook met Christus.* Ons is Jesus se hande en voete. Vir die liggaam om sy doel te bereik moet elke deel van die ligaam saamwerk soos 'n suksesvolle span. Alle ledemate is ewe belangrik: Hiér maak *elkeen* saak!

Tweedens, a.g.v. die uniekheid van die gemeente. Ons het gevoel Eldoraigne Familiekerk is nie net 'n gewone kerk nie - dis 'n kerk waar daar 'n welkom warmte is onder die mense. Waar almal vir mekaar omgee en saam kan lekker kuier. Dis 'n gemeente waar jy nie net 'n nommer is soos die wêreld rondom ons nie. Dis 'n gemeente waar Jesus se liefde waarlik uitgeleef en werklik gevoel kan word. En om hierdie testament te probeer vasvang, saam met die leiding wat ons vat van 1 Korintiërs 12:27, het ons besluit op die slagspreuk:

"**Hiér maak JY saak!**"

ELDORAIGNE FAMILIEKERK

Hiér maak JY saak




www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

**Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, want Ek is by jou; moenie vrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou; ook help Ek en ondersteun Ek jou met my seëvierende regterhand.

# Ondersteun asseblief ons adverteerders

Kom loer in by Heavenly Coffees Express vir 'n heerlike koel lafenis in die hitte - ons het yskoue koffie slushie, gegeurde slushies vir die kleinspan en top gehalte regte egte roomyse in 'n variasie van geure.

Kry sommer 'n pak koffiebone terwyl jy daar is!

Ons is by Willem Botha Rylaan Nr 251, regoorkant Laerskool Wierdapark, langs die Gereformeerde Kerk

## HEAVENLY COFFEES



